# Hoofstuk 1

## Posisionering teenoor die wetenskaplike paradigma en die navorsingsproses

### 1.1 Sosiaal-konstruksionisme in ontwikkeling

Met die beweging van die modernisme na die postmodernisme het daar 'n groot verandering gekom ten opsigte van die denkpatrone rondom wetenskappe in die algemeen en die wyse waarop navorsing in die verskillende wetenskaplike dissiplines gedoen word. Gergen (1999:vi) beweer dat hierdie verandering in die denkpatrone gelykstaande kenmerke toon aan die radikale verandering in denkwyse en sosiale praktyke wat in die sestiende en sewentiende eeu in Europa plaasgevind het toe daar vanuit die "Donker Eeue" na die "Aufklärung" beweeg is. Baie van die nuwe idees en praktyke van vandag het die fondasies van kennis en moraliteit geskud. Tradisies en die manier waarop te werk gegaan is, is al hoe meer bevraagteken. Heitink (1993:2) sê in die verband die volgende: "In this period Western society went through a deep authority crisis. Society dealt a final blow to the last vestiges of authoritarian culture." In die kerke het die gesag van die Skrif en die outoriteit van die ampte die onderwerp van intense gesprekvoering geword (Heitink, 1993:3). 'n Verdere voorbeeld van so 'n verandering waarna, Freedman en Combs (1996:16) verwys, is die paradigmaverandering van sisteme na stories, wat plaasgevind het in die wêreld van die terapie. Deur die gebruik van twee metafore, naamlik die "narratief" en "sosiaal-konstruksionisme" is daar nuut en anders begin dink oor die mens en sy ervaring binne die konteks waarin hy hom bevind. Freedman en Combs (1996:16) stel dit soos volg:

> "When we use both narrative and social constructionism as guiding metaphors for our work, we see how the stories that circulate in society constitute our lives and those of the people we work with. We also notice how the stories of individuals lives can influence the constitution of whole cultures... ."

Pieterse (1991:38) wys op die ontwikkeling van twee werklikheidsbenaderings wat die afgelope dekade binne die wetenskapsteoretiese diskussie 'n belangrike rol gespeel het. Onder die "versmalde rasionaliteitsopvatting" plaas Pieterse die klassieke werklikheidsbenadering en waarheidsopvatting, waarin die subjek-objekskema 'n belangrike rol speel. Die werklikheid word hier beskou as 'n objektiewe gegewe met 'n onveranderlike struktuur, wat onafhanklik van die menslike kennis bestaan. Die realiteit word so ondersoek dat daar rasioneel-verantwoorde oplossings te voorskyn kom wat gebaseer is op ware kennis, terwyl die subjektiewe aspekte as irrasioneel eenkant geplaas word. Die probleem het egter ontstaan oor wie of wat die "ware" kennis bepaal.

'n Belangrike stap in die oorgang na 'n "breër rasionaliteitsopvatting" is volgens Pieterse (1991:40) in die hermeneutiese benadering gemaak. Volgens dié benadering word die sosiale werklikheid vanuit die gesigspunt van singewing verstaan. Pieterse (1991:40) stel sy saak soos volg: "Hierdie insig is gebaseer op die besef dat die vergader van kennis nie primêr afhanklik is van die toepassing van skerp geformuleerde metodiese reëls nie, maar van die simmetriese uitwisseling tussen gelykwaardige deelnemers aan kommunikasie." Pieterse (1991:42) verwys na Habermas wat die menslike samelewing sien as 'n netwerk van kommunikatiewe handelingspatrone. Dit is 'n vorm van interaksie waarin die deelnemers mekaar

wedersyds onvoorwaardelik erken, op gelyke voet en in vryheid kommunikeer en gerig is op onderlinge begrip en konsensus. Pieterse is van mening dat met hierdie kommunikatief-teoretiese perspektief van rasionaliteit, Habermas die versmalde rasionaliteitsopvatting deurbreek en sodoende kan normatiewe uitgangspunte en subjektiewe ervarings wetenskaplik onder woorde gebring en geargumenteer word.

Hoe meer die mens gekonfronteer word met die veranderende wêreld, hoe duideliker staan die potensiële gevare van die modernisme uit. Die groeiende bewuswording van die historiese en kulturele tekortkominge het dringende vrae en kritiek laat ontstaan. Volgens Gergen (1999:29) is die kritiek, wat die veronderstellings van die modernisme bevraagteken, getipeer as die postmodernisme. In die bevraagtekening van die verhouding tussen woord en wêreld is alle aansprake ten opsigte van die waarheid in twyfel getrek. Binne die domein van die ideologiese kritiek is alle gesaghebbende stellings oor die self en die wêreld aan suspisie blootgestel. ’n Situasie het ontstaan waar die mens grondeloos gelaat word vir die samestelling van ’n modernistiese geloof. Gergen (1999:29) som dit soos volg op: “We confront, then, what is said to be a *legitimation crisis*: all claims to knowledge of self and world lose their authority.”

Soortgelyke situasies van kritiek en oorweldigende moedeloosheid het die sosiaal-konstruksionisme laat ontstaan en laat posvat. Gergen (1999:vi) motiveer sy sienswyse soos volg: “As I see the present dialogues, they not only unsettle the grounds for all that we know to be real and good, they also offer unparalleled opportunities for creative deliberation and action. They invite us into new spaces of understanding from which a more promising world can emerge.” Kreatiewe raadpleging en doelgerigte

aksie (verandering) onderstreep die uitdagings van die sosiaal-konstruksionistiese paradigma. Van Huyssteen (1997:215) gaan selfs verder en vra die vraag:

> **"...**does the postmodern world, with its radical religious and cultural pluralism, its spectacular technology, and its values that also force us to confront the realities of environmental destruction and political, economic, racial and sexual injustice, still ultimately make sense in the light of Sinai and Calvary" ?

In die beweging van die modernisme na die postmodernisme is ook die teologie as wetenskap, en in die besonder die praktiese teologie waaronder die pastoraat val, nie onaangeraak gelaat nie. Baie van die idees van die postmodernisme, soos byvoorbeeld die sosiaal-konstruksionisme, het hulle weg gevind na die teologiese sienings van die dag. Hermans *et al.* (2002:v) wys daarop deur te sê: "For practical theology, it is important to reflect on this emerging concept of social constructionism witin the social science."

Gerkin (1997:22) erken in die voorgaande verband die volgende: "Although we may attempt to recover the ways of experiencing life and responding pastorally of earlier times more or less remote from our own, our perceptions of history will always be influenced by our own time and its ways of seeing and speaking about human experience." Müller (1996:2) maak insgelyk die volgende stelling: "Dit is dus alleen binne die raamwerk van 'n nuwe wetenskapsbeskouing dat die praktiese teologie werklik sy volwaardige plek kan inneem as wetenskap, nie alleen in die ry van teologiese dissiplines nie, maar ook as volwaardige vennoot in die kring van die geesteswetenskappe." Müller (1996:2) gaan verder voort en haal Brueggemann aan wat sê dat "…wetenskapsbeoefening word nou deur *kontekstualiteit, lokaliteit en*

*pluralisme* gekenmerk". Heitink (1993:37) verwys in sy hoofstuk oor die modernisering van die gemeenskap ook na die proses van diffirensiasie wat op sy beurt weer bande het met pluralisme en spesialisasie.

Met die verloop van tyd is begin om die beradingstegnieke van die sosiale wetenskappe te ondersoek en van nader te beskou. Gerkin (1997:54) verwys soos volg hierna: "Scientific psychology became, particularly for theological liberals, a primary partner in assisting pastors to respond to the culturally shaped concern for the religious development of the self." Met die volgende stelling verwys Heitink (1993:1) ook hierna: "It is no longer satisfied with the subsidiary role of a theologia applicata, to which it was relegated in the past, but now identifies itself as a theological theory of action, with a methodology that is closely linked to the social sciences." Hermans *et al.* (2002:viii) huldig die volgende mening: "All scholars working within the field of practical theology agree on the fact that their discipline cannot be defined as applied theology."

Soos alle menslike geskiedenis, is die historiese verloop van pastorale sorg nog steeds 'n kontinue proses wat gedurig besig is om te verander en te vernuwe. Van die gebruike of metodes van die verlede sal aangepas moet word om in 'n veranderende situasie relevant te wees. Tog is die bewaring van die gebruik belangrik, omdat dit die tradisies help vorm het rondom die betekenis van 'n getroue pastor van God vir sy mense. Volgens Gerkin (1997:79) is die volgende vraag relevant: "What of our heritage, both ancient and modern, do we want to take with us?"

Gerkin (1997:21) is van mening dat: "...pastoral care always involves a response to human experience". Hy vervolg verder deur te sê dat "…it means that as human's sociocultural experience has changed, pastoral care practise have likewise been modified to respond to the changing needs of people"**.**

Patton (1993:3) beweer dat terwyl dinge verander het ten opsigte van die pastorale sorg, 'n soortgelyke verskynsel plaasgevind het in die Christelike teologie. Hy verwys na drie groot paradigmas wat in die Christelike teologiese tradisie onderskei kan word naamlik, die klassieke, die moderne en die postmoderne. Die klassieke paradigma strek vanaf die "patristiese periode" tot by die Reformasie. Die moderne paradigma strek vanaf die vroeë agtiende eeu tot by die laat twintigste eeu ("die Aufklärung") en daarop volg die huidige postmoderne paradigma. Patton (1993:4) voeg die volgende by: "Although the time frames and the contents of the paradigms are not the same, I believe that one can also distinguish three major paradigms for the ministry of pastrol care: the classical, the clinical and the communal contextual."

In die klassieke paradigma val die klem op die "boodskap" van die pastorale sorg, veral die "omgee"-element in die teologie en in die tradisie van die kerk. Tydens die kliniese era val die klem op die persone wat betrokke is by die gee en ontvang van die boodskap van sorg. Hier speel veral die sielkunde en die invloed daarvan 'n groot rol. In die "communal contextual" paradigma is daar 'n verskuiwing vanaf die sogenaamde gesagsposisie van die kerklike ampsbekleërs na die spesifieke Christelike gemeenskappe en hulle "caring community". Hierdie beweging fokus die aandag meer op die kontekstuele faktore wat 'n invloed uitoefen op beide die boodskap van sorg en die betrokkenes wat die boodskap bring of ontvang.

Patton (1993:5) sê tereg dat hedendaagse pastorale sorg " …should employ elements of all three paradigms, being attentive to the message, the persons communicating it and receiving it and the context that affect its meaning". Campbell (1981:100) ondersteun die voorafgaande gedagte wanneer hy die volgende sê:

> "This communal dimension of rediscovery will be aided by two : the revitalization of theology so that it springs once more from situations of real human need encountered in pastrol care; and the recovery of the ancient insight that spirituality and the seeking of justice are inevitably intertwined… ."

In die laaste hoofstuk sal aandag gegee word aan die voorgenoemde gedagte van die "revitalization of theology" om te bepaal of die pastorale sorg relevant is om die huidige gebeure en omstandighede aan te spreek.

Die sosiaal-konstruksionistiese paradigma het as vertrekpunt dat mense en hulle ervarings grootliks gevorm word deur hulle interaksie met ander mense en die sosiale strukture waarbinne hulle hulself bevind. Freedman en Combs (1996:1) stel dit soos volg: "Using the metaphor of social construction leads us to consider the ways in which every person's social, interpersonal reality has been constructed through interaction with other human beings and human institutions and to focus on the influence of social realities on the meaning of people's lives." Gergen (1999:14) verwys ook hierna as hy sê dat "...science could not make claims to universal truths, as all truth claims would be specific to particular traditions – lodged in culture and history". Die sosiaal-konstruksionistiese paradigma verskaf, myns insiens, die ruimte om die veranderings en vernuwings van die dag te verstaan en te akkommodeer.

## 1.2 Sosiaal-konstruksionistiese paradigma

’n Gemeenskap se uitgangspunte word gebaseer op verskeie denkpatrone en sienings. Volgens Gergen (1993:3) was daar binne die Westerse kultuur ’n siening dat die individu ’n belangrike rol speel in die kritiese verstaan en verklaring van verskeie aspekte, nie alleen in die psigologie nie, maar ook in die sosiologie, antropologie en nog vele meer terreine. Die siening van ’n enkele individu kon die rasionaal vorm van die meeste van die belangrikste instellings. Hermans *et al.* (2002:3) sê hieroor die volgende: “In the modernist world, knowledge is defined as a condition of the individual mind.”

Die mens se vermoë om te redeneer en te evalueer laat ons vertroue vind in die demokratiese instellings. Baie van die uitgangspunte en belangrike instellings het ontwikkel en kragtig gegroei binne ’n bepaalde kulturele konteks, maar ongelukkig in ’n konteks van relatiewe engheid. Die toedrag van sake het dramatiese veranderings in die laaste paar dekades tot gevolg gehad. Die ontwikkelende tegnologie van die telefoon, radio, televisie, rekenaar, satelliete en selfs die internet het die mense in die wêreld in noue kontak met mekaar gebring, soos nog nooit tevore nie.

In die lig van die demokratiese veranderings is dit nie meer langer moontlik om engheid te handhaaf nie, asook nie die gevoel van superioriteit nie. Wat nodig is, is ’n reflektiewe ondersoek na die tradisies, ’n ondersoek na die voordele en tekortkominge van ons eie oortuigings, taal en gebruike, asook die ontginning van alternatiewe moontlikhede. Hermans *et al.* (2002:11) sê dat “...constructionism will pose

challenges to much traditional thinking on such matters, and open avenues to alternatives of significant potential". Die sosiaal-konstruksionistiese siening tree daarom hier sterk na vore en verteenwoordig die verskuiwing vanaf individuele kennis na "communal construction". Gergen (1994:4) lê klem op die volgende:

> "This is not to opt for radical transformation or a leap into the alien and unfamiliar. It is rather to favor a process of inquiry that may enhance the possibility of selectively salvaging and absorbing – or determining what we should retain from these traditions and how we may soften the edges of our commitments so that others may be heard more fully."

Freedman en Combs (1992:22) staaf die voorafgaande siening met die volgende: "Adopting a postmodern, narrative, social constructionist worldview offers useful ideas about how power, knowledge and truth are negotiated in families and larger cultural aggregations."

'n Verdere rede vir die keuse van die sosiaal-konstruksionistiese paradigma en die narratief as gereedskap, is dat dit die geleentheid bied om 'n posisie van "not knowing" in te neem. Hiermee word nie bedoel dat die navorser niks weet nie, maar hy erken dat hy nog nie die storie van die ander persoon ken nie. Vir Freedman en Combs (1996:44) gaan dit eerder om die volgende: "Our knowledge is of the process of therapy, not the content and meaning of people's lives. We hope that therapy is a process in which people experience choice rather than settled certainties." Deur te wag en 'n bietjie geduld aan die dag te lê, word geleentheid vir 'n persoon geskep om sy storie te vertel op 'n manier wat hom pas en waaraan hy 'n eie betekenis kan koppel. In die proses van luister en wag, word die navorser 'n mede-betrokkene binne die

storie, in so ’n mate dat die storieverteller saam met die navorser ’n mede-outeur van ’n nuwe storie word.

In teenstelling met die modernistiese siening is die terapeut nie iemand wat objektief buite die proses staan en regstellings van buite maak nie. Die terapeut word ’n intrinsieke deel van die proses, met die wete dat hy erkenning moet gee aan die rol wat sy eie agtergrond en vooropgestelde idees speel en dan eerlik daarmee rekening moet hou. Dit is belangrik om te onthou dat binne die sosiaal-konstruksionistiese paradigma nie van ’n hipotese of anti-hipotese gebruik gemaak word nie. Daar is nie ’n reg of ’n verkeerd nie. Die resultaat van die navorsing ontwikkel vanuit die gebeure of proses self. Die kans is goed dat die navorser by ’n totaal ander resultaat kan uitkom as wat hy voorsien het. Die legitimiteit van die eindresultaat word bevestig deur die eerlike en opregte soeke na die waarheid, by wyse van ’n optrede wat eties verantwoordbaar is.

Die volgende aspek van die sosiaal-konstruksionistiese paradigma wat belangrik is om te verstaan, is die begrip “diskoerse”. Freedman en Combs (1996:38) verwys na Faulcult wat van die standpunt uitgaan dat mense in ’n gemeenskap beïnvloed word deur bepaalde diskoerse wat die gemeenskap vorm. Voorbeelde van sulke diskoerse is taal, godsdiens, tradisie, geslag, ras en sosiale klas. Onder die verskeie diskoerse is daar dan bepaalde dominante diskoerse binne ’n gemeenskap. Hierdie dominante diskoerse, beweer Faulcult, verblind somtyds die gemeenskapse vermoë om te onderskei tussen werklikheid en waarheid. Hy gaan verder van die standpunt uit dat daar binne ’n diskoers ’n duidelike verband is tussen kennis en mag. Hy sê dat “…discourses of a society determine what knowledge is held to be true, right or proper

in the society, so those who control the discourse control knowledge" (Freedman & Coms, 1996:38).

Dit is verder ook nodig om kennis te neem van bepaalde veronderstellings waarvan die sosiaal-konstruksionisme uitgaan. Gergen (1999:74) gaan van die standpunt uit dat die mens moet "…realize that the assumptions are not candidates for truth, but enteries into conversations, insinuations into relationships. The terms by which we understand our world and ourselves are neither required nor demanded by what there is."
Freedman en Combs (1996:22) beklemtoon die volgende: "While modernist thinkers tend to be concerned with facts and rules, postmodernists are concerned with meaning." Die veronderstelling verwoord die gedagte dat taal nie die wêreld of 'n bepaalde gebeurtenis of situasie klinies korrek kan beskryf nie. 'n Bepaalde situasie kan volgens Gerkin (1999:47) verskeie verduidelikings of moontlike verklarings inhou, en voorts konstateer hy die volgende: "In principle not one of these descriptions or explanations can be ruled superior in terms of its capacity to map, picture, or capture the features of the situation in question."

Die veronderstelling is dat die sosiaal-konstruksionisme nie vasgevang is in 'n bepaalde verstaansraamwerk nie. My manier van beskrywing, verduideliking en/of verteenwoordiging word bepaal deur die verhoudings waarin ek my bevind. Taal en enige ander vorm van beskrywing en verteenwoording kry hulle betekenis van die wyse waarop hulle gebruik word in bepaalde verhoudings. Op sy beurt word die verstaan (begrip) van verhoudings beperk deur die kultuur en geskiedenis wat hierdie verhoudings beïnvloed.

Die manier waarop ek iets beskryf, verklaar of andersins verteenwoordig, is vormend vir my eie toekoms. Woorde en verhoudings word gekoppel aan breër patrone van gebruike, tradisies en vorme in die lewe. Woorde soos "student, professor, kurrikulum en leer" is eie aan die "onderwys". In 'n breë sin is taal 'n belangrike entiteit in ons optrede en bepaal sowel as begrond selfs ons sosiale lewe. Hiermee saam is dit nodig om gedurig ons verbintenis met ons daaglikse lewe, ons families en ons vriende te rekonstrueer, saam moet ons nuwe betekenis genereer. Die konstruksionisme rig 'n sterk uitnodiging tot die transformasie van die sosiale lewe en pleit vir die totstandkoming van 'n nuwe toekoms.

Terselfdertyd behels die konstruksionisme ook 'n uitdaging vir 'n nuwe taal en nuwe maniere van interpretasie. Gergen (1999:49) sê dat: "…invited are generative discourses, that is ways of talking and writing, that simultaneously challenge existing traditions of understanding and often new possibilities for actions". Op sy pad vorentoe het Campbell (1981:16) die volgende voorgestel: " The first step in the rediscovery of pastoral care must consist in revitalizing the language in which it is described." Hy is van mening dat 'n groot deel van die tradisionele teologiese taal, wat inderdaad 'n funksie vervul het, intussen kommunikatiewe krag verloor het.

Refleksiewe denke is noodsaaklik vir 'n positiewe toekoms. Die uitdaging is om aan die een kant die gewyde tradisie te behou en aan die ander kant 'n nuwe toekoms te skep, wat nie 'n eenvoudige taak is nie. Die vraag wat ontstaan is die volgende: Wat moet ek behou of teëstaan en watter wêreld wil ek skep? Vir die terapeut wat uitgaan van die standpunt van die sosiaal-konstruksionisme lê die antwoord in refleksie. Dit is 'n poging om die eie "huis" te bevraagteken, die ooglopende af te maak en te luister na

die alternatiewe sienings van die realiteit. Dit vra egter ook om alles te bevraagteken wat ek as reg, waar en noodsaaklik aanvaar het en eerder dialoog te bevorder wat kan lei tot gemeenskaplike gronde en nuwe betekenis.

Gergen (1999:62) sê dat "…we are challenged to step out of the realities we have created, and ask significant questions what are the repercussions of these ways of talking, who gains, who is hurt, who is silenced, what traditions are sustained, which are undermined…". Die sosiaal-konstruksionisme bevraagteken die feit dat die tradisies van die verlede vandag nog geld. Wie dit bloot as vanselfsprekend aanvaar, het opgehou om vrae te vra - in die besonder vrae aan die negatiewe kant van die tradisies (Gergen, 1999:17). Daar word veral gefaal daarin om ondersoek in te stel na beter tradisies, daarom sal ek oorweging moet skenk aan die implikasies van ons tradisies en hul verbintenisse rakende myself, die waarheid, die rede en die morele beginsels van die dag. In Hermans *et al.* (2002:12) word die volgende stelling gemaak: "At the outset, it is important to realize that while critical of the assumptions of traditional empirical study, constructionism is not set against the battery of empirical practices – for example, systematic observation, interviews, statistical records, standardizes measures – that comprise the tradition." Hermans *et al.* (2002:12) beklemtoon kennisname van die volgende: "Constructionist writings, do, however, invite us into a reflective posture about traditional empirical inquiry – including its own."

Ek glo die sosiaal-konstruksionistiese paradigma leen hom uitstekend daartoe om my in die postmoderne situasie van vandag te help om te verstaan of die Woord van God in die pastoraat aan mense, veral soos gebruik deur die narratiewe metode, tot sy volle

reg kom. In 'n postmoderne wêreld het dit nodig geword om te luister na die stories van mense wat sin probeer maak uit situasies waarin hulle eie stories vasgeval het; om te poog om saam met hulle te verstaan wat besig is om te gebeur en watter invloed die tradisies en strukture op hulle verhale het. In die besonder moet ook gekyk word na die rol van die Verhaal van God in die postmoderne wêreld en hoe dit hulle kan help om sin en betekenis te vind in hierdie verwarde wêreld. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2003) glo sosiaal-konstruksionisme beteken "...that we have to take into account the various dialogues in which different sets of criteria function. We encounter other branches of theology and engage in conversation with the social science; we also connect with the church and the society." Op hierdie manier skep die sosiaal-konstruksionistiese paradigma vir my die geleentheid om saam met 'n persoon as mede-konstrueerder 'n nuwe verhaal te skep. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl.2003) stel dit soos volg:

> "The challenge for the theologian, and maybe for the church, is to discover how we can connect the explicit language of Christian faith and the implicit language of secular or religion-like expressions. These two cannot be reduced to one another, but neither can they be separated. They represent different discourses with different questions, criteria, and possibilities."

Al die faktore wat 'n rol speel in 'n bepaalde situasie en waarbinne 'n persoon self nuwe sin en betekenis vind, moet in ag geneem word, aangesien dit sy eie verhaal en toekomsdroom is. As mede-konstrueerder wil ek bloot die geleentheid skep vir sodanige om sy verhaal in kontak te bring met die Verhaal van Jesus van Nasaret; hoop wat Jesus Christus in elke situasie bring. Lester (1995:2) sê in die verband die volgende: "Indeed we represent to our parishioners (as pastors), clients (as pastoral

counselors), or patients (as chaplains) a hope based on the promise of God that a new future is always available to us, that numerous possibilities exist in every present circumstance." Elke mens moet self in die persoon van Jesus Christus die hoop en die verlossing van God vir die wêreld vind.

## 1.3 Navorsingsmodel

Ek wil Browning (1996) se navorsingsmodel gebruik as die breë strukturele raamwerk wat my sal help om uit te kom by wat hy noem "practising strategic practical theology". Alhoewel Browning (1996:55) nie sosiaal-konstruksionisties te werk gaan nie, gaan hy wel van die volgende standpunt uit**:** "Questions animate thinking. Questions are formed by the problems of life that impede our actions." Volgens Hermans *et al.*(2002:viii) kry Browning dit reg in sy verwysing na die praktiese teologie as 'n model van "practice-theory-practice", om te breek met die "application model" met sy twee elemente, naamlik teorie-praktyk. Browning (1996:6) sê die volgende: "When a religious community hits a crisis in its practise, it then begins reflecting (asking questions) about its meaningful or theory laden practise." Hier word teologie in die volle sin van die woord prakties. Browning (1996:55) verwys in sy model na vier basiese vrae wat 'n navorser kan help om by die strategies-praktiese teologiese denke uit te kom. Dit is vrae wat die navorser kan gebruik om hom te help om te verstaan waar hy vandaan kom, waar hy tans staan en waarheen hy wil gaan om die probleme van die dag sinvol aan te spreek.

Die eerste vraag is: Hoe verstaan ek die konkrete situasie waarin ek myself bevind? Hier gaan dit om veel meer as die gewone algemene vrae wat die sistematiese teologie

rakende die kenmerke van die situasie sal vra. Die vrae hier gestel raak al die fasette van die konkrete situasie aan. Dit behels vrae rondom die historiese agtergrond, die verwysings raamwerke en die behoeftes van die mense in die spesifieke situasie. Dit kyk selfs na die interaksie van die verskillende instellings en die invloed daarvan op die situasie. Dit sluit die bestudering in van al die verskillende religieus-kulturele verhale en gebeure wat meeding om inhoud en betekenis aan die situasie te gee.

Tweedens vra die strategies-praktiese teologie: Wat behoort my praxis in die konkrete situasie te wees? Om hierdie vraag te beantwoord, bou die strategies-praktiese teologie op die resultate van die fundamentele praktiese teologie. Dit bring die resultate van die deskriptiewe teologie en die prakties georiënteerde historiese en sistematiese teologie in kontak met die konkrete situasie van die gebeure. Die gedagtes van waarde vanuit die historiese en sistematiese teologie word in verband gebring met die feite van die konkrete situasie. Die waardes van die beginsels vanuit die verlede word nie net bloot aanvaar nie, maar verdedig en begrond in die konkrete situasie.

Die derde vraag is: Hoe verdedig ek op 'n kritiese wyse die waardes van my praxis in hierdie konkrete situasie? Dit is hierdie kritiese verdediging van die waardes van my optrede, aldus Browning (1996:55), wat die "revised correlational approach" tot die praktiese teologie van ander metodes onderskei.

Die vierde vraag ondersoek die metode, strategie en retoriek waarvan gebruik gemaak moet word in die konkrete situasie. Dit plaas die saak van "waar die mense tans staan" op die voorgrond, en verder hoe die bediening in sy verskillende fasette die eerste stap gaan neem om die proses van transformasie te begin. Browning (1996:57)

is van mening dat die vrae in die strategies-praktiese teologie iets demonstreer van die kompleksiteit van die beweging van die teologie. Dit is hier waar die interpretasie van die huidige situasie verbind word met die hermeneutiese proses wat begin is in die deskriptiewe teologie en voortgesit word in die historiese en sistematiese teologie. Die strategies-praktiese teologie is die kulminasie van 'n soeke wat van die begin tot die einde 'n praktiese proses is. Daarmee saam is dit so dat die praktiese teologie betreffende sorg, nie net pastorale en gemeentelike sorg omvat nie - die kerk se strategie vir die skep en beïnvloeding van strukture van sorg in die groter gemeenskap moet ook ondersoek en verander word.

Hermans *et al.* (2002:x) konstateer die volgende: "This practise-orientation brings practical theology in close contact with social science which study the same action." Hermans *et al.* (2002:xi-xii) wys dan ook op drie moontlike tipe verhoudings wat kan bestaan tussen die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe, naamlik die "ancilla model, model of cooperation between practical theology and the social sciences and the practical theology as social science model". In die dissipline van die praktiese teologie kies die meeste studente vir die tweede model van samewerking tussen die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe. Die belangrikste eienskap van die model is dat die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe vanuit 'n teoretiese oogpunt op gelyke voet staan. Die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe het 'n gemeenskaplike navorsingsperspektief. Alhoewel die dissiplinêre raamwerke verskil, is beide die dissiplines deel van 'n gemeenskaplike navorsingsvraagstuk en navorsings-doelwit. Hermans *et al.* (2002:xi) sê in die verband: "Cooperation implies a co-construction of the research question and aim, and the theoretical framework."

In die samewerkingsmodel word verder twee submodelle onderskei. Die eerste staan bekend as die “interdisciplinary model” en die tweede as die “intradisciplinary model”. Die intradissiplinêre model, waarvoor daar ook in die huidige navorsing gekies is, beteken dat die praktiese teoloog prakties-teologiese navorsing met behulp van empiriese metodologie beoefen. Maar dit veronderstel ook dat die praktiese teoloog genoeg kennis het van die sosiaal-wetenskaplike konsepte om daaraan reg te laat geskied, en veral aan die teoretiese verwysingsraamwerk daarvan.

Browning (1996:58) bevestig verder dat binne die verandering en beweging van die geskiedenis, die huidige praktyke of gebruike vir ’n kort tydjie vas en seker is voor die nuwe krisisse weer nuwe vrae na vore bring, en daar dus weer deur die hermeneutiese sirkel beweeg moet word.

## 1.4 Navorsingsmetode

In die lig van Browning se model vir die strategies-praktiese teologie begin enige navorser deur ’n keuse uit te oefen betreffende ’n praktiese saak van belang (Browning, 1996:72). Hierna moet die navorser homself afvra wat die verhaal van sy belangstelling in die vraagstuk is. Die antwoord op hierdie vraag behels meer as net ’n rede vir sy persoonlike belangstelling en motivering. Dit sluit ook ’n ondersoek in na die sosiaal-kulturele konteks, asook die vraag na die religieus-kulturele betekenis van die omliggende faktore. ’n Verdere wyse om die eerste stap te versterk en uit te brei, behels dat die navorser met ander mense oor die gekose onderwerp gesprek begin voer. Hieroor sê Browning (1996:73) die volgende: “Questions about practice (about

what good practice would really be) emerged from these thick descriptions of both interviewer and interviewee."

Binne die breë raamwerk van Browning se model wil ek gebruik maak van sekere punte (beskrywend en strategies) van die kwalitatiewe navorsingsmetode, veral deur die gebruik van die kwalitatiewe gespreksvoeringstegniek. Rubin en Rubin (1995:3) beskou die kwalitatiewe gesprek as "...an extremely versatile approach to doing research". Die navorser luister na mense wat hulle ervarings beskryf en hoe hulle die wêreld verstaan waarin hulle leef en werk. Kwalitatiewe onderhoudvoerders ondersoek spesifieke onderwerpe, gebeure en insidente, byvoorbeeld hoe mense deur oorlog beïnvloed word, of wat die mens motiveer om 'n rebel te word. So kan ook sosiale, politieke en ekonomiese veranderings ondersoek word. In die gespreksvoering wat die stel van vrae en luister na die gespreksgenoot se antwoorde behels beweeg die navorser deur die vier vrae van Browning se model. Dit bring my weer terug by die sosiaal-konstruksionisme soos Freedman en Combs (1996:1) dit verstaan: "Using the metaphor of social construction leads us to consider the ways in which every person's social, interpersonal reality has been constructed through interaction with other human beings and human institutions and to focus on the influence of social realities on the meaning of people's lives."

Navorsers neem die inligting wat hulle vanuit die kwalitatiewe gesprekke gekry het om 'n mening en 'n teorie te vorm, wat gegrond is in die gedetailleerde bewyse en voorbeelde uit die gesprekke. Hierdie gegronde teorieë poog om te verduidelik wat besig is om te gebeur in terme van die betrokkenes in die situasie. Rubin en Rubin (1995:4) sê dat "…grounded theory is based on exchanges in which the interviewees

can talk back, clarify and explain their points". Die uitkoms van navorsing deur kwalitatiewe gespreksvoering is nie bloot van akademiese belang nie, maar het ook praktiese implikasies. Kwalitatiewe gesprekke laat my toe om die leefwêrelde van ander mense te ervaar en uit te vind wat gaande is. Die rede vir hulle optrede gee aan my 'n groter begrip van hulle ervarings en insig in hulle wêreld. In hierdie navorsing sal daar van kwalitatiewe gesprekke as navorsingsgereedskap gebruik gemaak word om vas te stel wat die rol van die Bybel is in die beradingsproses van pastors wat die narratiewe metode gebruik.

## 1.5 Aksieveld van die navorsing

Die aksieveld wat gekies is om ondersoek te word, omvat die volgende:

**DIE FUNKSIONERING VAN BYBELSE INHOUDE IN 'N NARRATIEF-PASTORALE GESPREK**.

Die vraag is hoe en hoekom die pastorale terapeut in die narratiewe benadering die Woord van God gebruik. Vanuit die rol van leraar is een van die ervarings in die pastorale situasie die vraag na die plek van die evangelie en die pastor in die beradingsproses. Firet (1974:24) maak die volgende stelling ten opsigte van "pastorale optreden" naamlik, "…de ambtelikje aktiviteit van iemand die geroepen is pastor te zijn in actuele betrokkenheid op anderen of een ander voor wie hij pastor heeft te zijn". Verder gaan Firet (1974:25) van die standpunt uit dat sentraal in die pastorale optrede dit nie die aktiwiteit van die mens is nie –"…maar die daad van God, die via het intermediair van ambtelijke dienst in zijn woord tot mens komt".

Uit die voorgaande word duidelik dat twee van die belangrike komponente in die berading die WOORD (verhaal) en die PASTOR (berader) is. Dit is niks nuuts dat daar gevra word na die rol van die Skrif in die beradingsproses nie. Wat wel egter saak maak, is die hoe en waarom van die Skrifgebruik. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2000) verwoord iets hiervan soos volg:

> "Als we namelijk inzetten bij de predikant, dan komt ontmiddellijk de vraag op hoe de christelijke traditie, dan wel een theologisch verantwoorde boodschap aan de orde moet worden gesteld. Los nog van de vraag welke boodskap, traditie of inhoud op tafel wordt gelegd, het basisschema is dat de predikant die voor die inhoud moet zorgen en so de theologische kwaliteit moet veiligstellen."

Binne die narratiewe benadering kom dié vraagstuk in die besonder nog sterker na vore. Die narratiewe benadering gaan van die standpunt uit dat die verhaal van die gespreksgenoot die storie is wat saak maak. In die narratiewe benadering word die probleem verder verdiep, aangesien die eie aard van die narratiewe benadering bepaal dat die betekenis van die storie vir die gespreksgenoot, die materiaal is waarmee gewerk moet word. Die pastor moet dringend waak daarteen om nie sy eie storie of selfs enige ander storie en die betekenis daarvan in die beradingsgebeure in te bring nie. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2000) sê in die verband die volgende: "Het belangrijkste verschil met pastoraat als verkondiging is dat we als pastores gericht zijn en blijven op het verhaal van onze gesprekspartner."

Die vraag ontstaan hier hoe en wat die pastor doen om die groter Storie van God in aanraking te bring met die storie van die gespreksgenoot. Het die pastor die reg om die meta Verhaal, 'n groter, wyer en allesomvattende verhaal, in verband te bring met die verhaal van die gespreksgenoot om sy verhaal as betekenisvol te ervaar (Müller,

1996:86)? Ek wil ondersoek instel of die eie aard van die narratiewe benadering nie vra vir ’n eie unieke hantering en gebruik van die Skrif in die beradingsmodel nie. Die volgende moet onthou word, sê Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2000): “Uiteindelik draait het dan niet om de dialoog tussen pastor en pastorant, maar om de innerlijke dialogen van de pastorant, en om de dialoog van onze gesprekspartner van God. Het pastorale gesprek wil daaraan dienstbaar zijn.” En waar beter kan dit ondersoek word as om in die praktyk te gaan luister hoe pastors wat die narratiewe benadering gebruik, die Skrif laat funksioneer. Daarom is daar gekies om in hierdie aksieveld te luister en waar te neem hoe die bogenoemde twee aspekte naamlik die Woord en pastor funksioneer en tot hulle reg kom, veral in die konteks van die narratiewe benadering. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2000) maak die volgende stelling: “Dat laatste is van belang, omdat het bij pastoraat uiteindelijk daarom gaat dat de gesprekspartner meer en nieuwe mogelijkheden vindt om in het eigen leven te spreken over God.”

Die vraag oor hoe my eie storie die keuse van navorsing beïnvloed, laat ’n mens nadink oor jou eie manier van berading. Hier het die vraag knaend na vore bly kom van hoe en waar of wanneer ek die “STORIE” in die beradingsproses ter sprake moet bring. Gaan ek van die standpunt uit dat die mense wat my kom sien, “gelowiges” is en dus in ’n verhouding met God staan? Daarom is die “STORIE” op ’n onbewustelike vlak integraal deel van die gebeure. Die ander moontlikheid is dat die pastor op die regte geleentheid die “STORIE” van die evangelie in die groter prentjie sal inbring; dit wil sê, op ’n bewustelike vlak. Die volgende moontlikheid mag ook wees om te wag en te hoor of die gespreksgenoot dit nie self na vore bring nie.

Die veronderstelling is nog altyd daar dat in die pastorale optrede iets van die Woord van God na vore moet kom. In "Om tot Verhaal te kom" maak Müller (1996:i) die volgende interessante stelling in sy voorwoord: "…êrens in elke knopie (verhaal) is daar ook die (dikwels onsigbare) toutjie van God se VERHAAL. …eers as die relevansie tussen die verhaal en die VERHAAL verhelder, word daar werklik tot verhaal gekom. Dit is die doel van pastorale narratiewe betrokkenheid!" Hierdie woorde maak 'n indrukwekkende stelling, maar die uitdaging van die pastoraat en die pastor is en bly om dit in die veranderende praktyk 'n werklikheid te laat word.

Müller (1996:173) gaan verder deur te opper dat daar meer nodig is "…as net tegniese bedrewenheid met Bybel en gebed". Die kuns is om mense te help, om hulle stories in die lig van die VERHAAL te interpreteer en ook weer te herinterpreteer en daarvolgens sin in die lewe te vind. Die vraag bly steeds hoe dit moontlik sal wees om dit te laat gebeur. Verder bly dit ook belangrik dat die mense se verhale in verband gebring en geïnterpreteer word met die verhaal van die geloofsgemeenskap. Mense kom spreek die dominee met die hoop dat hy wel 'n antwoord sal hê, terwyl dit as 'n laaste uitweg kan wees met die verwagting dat daar 'n oplossing sal wees, omdat God wondere kan verrig. Dit wil voorkom asof die narratiewe model vir my die geleentheid gee om die "VERHAAL" op so 'n wyse te inkorporeer dat iets van die geforseerdheid in die agtergrond verdwyn. Een van twee moontlike situasies kan na vore tree. In die vertel en oorvertel van sy storie, sal 'n persoon self die verhaal insluit of weglaat. Indien die "VERHAAL" deel gemaak word van die gebeure, het die pastor die gulde geleentheid om toutjies te trek en te kyk wat alles ontknoop word. Indien 'n persoon nié die "VERHAAL" deel maak van sy storie nie, is die vraag of die pastor nie op 'n

gepaste wyse in die dekonstruksie- ("unpacking") fase hierna kan uitvra en kyk waarheen die persoon met die aspek beweeg nie.

Die navorsing, in samewerking met die medenavorsers, het ten doel om te kyk hoe leraars (pastors) in die narratiewe benadering die "VERHAAL" so tot sy eie reg kan laat kom. Dit is 'n eerlike gesamentlike soeke na 'n manier van hoe pastors die narratiewe benadering sinvol en verantwoordelik in die beradingsituasie kan gebruik sonder om die narratiewe benadering te vervorm of die beginsels van die pastoraat te vergeet.

Die aanvanklike reaksie ten opsigte van die aksieveld het 'n paar vrae laat ontstaan. Die rede hiervoor is dat die paradigmaverandering wat plaasgevind het vanaf die modernisme na die postmodernisme, goed begryp moet word, veral die posisie van die berader-in-die-verlede as die een-in-beheer, na: "…dit is jou storie waarin ek belangstel en wat ek graag wil hoor. Wat vir jou belangrik is en sin maak, is wat my help om jou te verstaan." As pastor het ek nie al die antwoorde nie, maar saam as mede-outeurs skep ons 'n nuwe sinvolle verhaal wat aan jou rigting en sin in die lewe sal gee. Ons word dus mede-reisgenote.

'n Belangrike aspek van die narratiewe benadering is dat die terapeut nie 'n eksterne waarnemer van die proses is nie. Die navorser word deel van die aksieveld. Dit beteken dat ek in die beoefening van die narratiewe benadering my metode en werkswyse van berading onder die vergrootglas sal moet plaas.

Die modus van interaksie wat gebruik sal word, is die opneem van beradingsessies van verskillende terapeute wat die narratiewe benaderingsmetode aanwend. Die keuse van twee van hierdie medenavorsers sal gemaak word uit studente wat die M-Diff-graad en die Ph.D.-graad onder die promotorskap van prof. J. Müller aan die Universiteit van Pretoria voltooi het.

Daar bestaan twee moontlike metodes vir die opneem van hierdie beradingsessies. Die eerste moontlikheid is ’n opname by wyse van ’n videokamera en die tweede deur middel van gewone bandopnames. Hier sal die gespreksgenoot se voorkeur en toestemming gevra word rondom wat vir hom gemaklik en aanvaarbaar is. Die gedagte is nie om die gesprekke as geheel verbatim weer te gee nie, maar wel dié gedeeltes waar die aksieveld ter sprake kom.

Die taal waarin die aksieveld beskryf gaan word, sal grootliks teologies van aard wees, aangesien die medenavorsers self uit ’n teologiese agtergrond kom, sowel as die lesers waarop die navorsing gerig is. Verder beskryf die navorsing ’n kommunikatiewe handeling teen die agtergrond van die Bybel. Dit neem egter nie die feit weg dat die eie taal van die medenavorsers nie tot reg sal kom nie. Getrou aan die narratiewe benadering is die gedagte dat die medenavorsers se stories gehoor en verstaan moet word. Hulle ervarings van die proses is inderdaad die belangrike aspek wat die swaarste gewig dra. Hier is die gedagte om terugvoering te kry deur semi-gestruktureerde gesprekke te voer met elke medenavorser wat aan die navorsing deelneem. Die doel met die gesprek is om seker te maak dat die medenavorsers reg gehoor en verstaan is en dat die interpretasie of bevindings vir die medenavorsers aanvaarbaar is. Na hierdie individuele gesprekke is die gedagte om ’n groepsgesprek

te voer met al die medenavorsers, waartydens die bevindings weergegee en krities bespreek sal word. Hierna sal daar meer spesifiek besin word oor die vraag of die uitgangspunt in die narratiewe pastoraat, naamlik dat die Woord van "onder" en op 'n sosiaal-konstruksionistiese wyse na vore kom en ontdek word, tog in die praktyk so werk.

Na aanleiding van die gekose aksieveld is die grense redelik vanselfsprekend afgebaken. In die navorsing gaan dit om die rol van die BYBEL in die terapeutiese werkswyse van pastorale beraders. Die klem val op daardie pastorale beraders wat van die standpunt uitgaan dat hulle teoloë is en dat hulle die BYBEL tot sy reg wil laat kom. Alhoewel die narratiewe benadering in verskillende vakdissiplines gebruik word, is die vraag of pastorale beraders dit met vrug kan gebruik en teologies kan verantwoord.

## 1.6 Agtergrondsdiskoerse

Ek het reeds melding gemaak daarvan dat dit noodsaaklik is dat ek myself moet vergewis van die bepaalde diskoerse wat 'n rol speel in die gemeenskap wanneer ek na 'n vraagstuk of probleem binne 'n spesifieke gemeenskap kyk. Ek glo dat die volgende diskoerse 'n rol speel in die onderhawige navorsing, naamlik die roeping van 'n leraar as bedienaar van die Goddelike Woord, wat insluit die wete dat ek geroep is om die Bybel te gebruik; die gebeure rakende berading of terapie in die vakrigting van die psigologie; en die narratiewe beradingsmodel.

Om in die ware sin van die woord pastor te wees, is om vir mense om te gee en belang te stel in hulle wel en weë, asook om by hulle omstandighede betrokke te raak en in dié omstandighede die STORIE van God te bring. Gerkin (1997:12) se vraag in hierdie verband lui soos volg: "I invite you first to pause and reflect on your prior experience of receiving and giving care, particularly pastoral care. What if anything about the experience identified it as pastoral care?" Gerkin (1997:12) se daaropvolgende vraag brei sy standpunt meer uit: "Is it significant to you that the care you recall was offered by a christian pastor? If so, how and why was that significant?"

Daar ontstaan 'n vraag oor wat my pastorale optrede/berading onderskei van dié van vakdissiplines soos onder ander die psigologie en die sosiologie. Is die verkondiging van die evangelie van Christus, waarna ons verwys as die VERHAAL, die enkele faktor wat 'n verskil kan maak in mense se lewens? Is dit die "kern"-verhaal? Maak God se teenwoordigheid enigsins 'n verskil? Gerkin (1997:240) konstateer soos volg: "Thus the theology of pastrol care is grounded in a mystery ...it is the mystery of the care of God." Hierdie "misterie" mag die pastorale terapeut nie uit die oog verloor nie. Kan ek as pastor in die gebruik van die narratiewe metode nie weer iets van die "misterie" van die omgee van God aktueel maak in vandag se berading nie? Ek glo Deist (1984:8) se siening van 'n teologiese antropologie kan my help om iets te verstaan van die gerekonstrueerde verhaal (nuwe verhaal). Volgens Deist maak Paulus in sy antropologie duidelike uitsprake van "ou mense" en "nuwe mense". Die verlossingswerk van Christus laat Paulus die mens sien as iemand wat saam met Christus 'n nuwe verhaal kan begin. Jesus se "herskepping" lê nuwe horisonne bloot, vir nuwe verhale om gebore te word. Dié geleenthede moet die pastorale berader met beide hande aangryp.

Gerkin (1997:240) maak melding van Tillich se insig oor ’n “spiritual presence”. Hiervolgens is God ’n teenwoordigheid wat inderdaad ’n verskil maak. Daar kan alleen van sy teenwoordigheid gepraat word in terme van ’n KRAG. Dit is egter nie ’n krag soos alle ander kragte nie. God is dié krag teenwoordig in ál die ander kragte. Dit beteken egter nie dat die BYBEL ’n soort towerstaffie is waarmee alles reg getoor kan word nie. Dit gaan ook nie bloot daarom om ’n Christelike “sousie” oor alles te gooi en daarmee te sê dat die saak opgelos is nie. Daar sal egter rekening gehou en erns gemaak moet word met die BYBEL en sy volle konsekwensies as ons wil praat van pastorale berading. In die eerste diskoers wat ’n rol speel, handel dit oor die verwagting dat ’n pastor die Woord van God in sy berading na vore sal laat kom.

In die diskoers van die psigologie handel dit oor ’n poging om die mens en sy manier van optrede te probeer verstaan. Uit die psigologie word dit duidelik dat die mens ’n komplekse wese is met ’n verskeidenheid faktore wat hom beïnvloed. ’n Persoon se agtergrond, kultuur, omgewing en die sosio-ekonomiese omstandighede asook milieu waarin hy hom bevind, en sy siening en verstaan van godsdiens speel alles ’n belangrike rol. Die probleem met die benadering van die psigologie binne die huidige gesprek, is egter dat godsdiens as slegs een van vele diskoerse, ’n kleiner en minder belangrike rol speel.

Gergen (1999:4) sê dat “…the present transformation is catastrophic. It represents the erosion of beliefs central to our ways of life... traditions of democracy, religion, education and nationhood are placed under threat.” Gerkin (1997:18) sê op sy beurt egter dat ons nie die bydrae van die psigoterapeutiese paradigma gering moet ag nie. Hy stel dat sy behoefte die volgende is: “…to retain and value much of what was

gained in the appropriation of the psychotherapeutic paradigm. The care of the people of God will always involve the pastor in the care of individuals with as much psychological savvy as he or she can muster." My persoonlike siening is dat die teologie kennis moet neem van die belangrikheid van diskoerse, maar dat ons as gelowiges nie moet toelaat dat namens ons besluit word watter diskoerse dominant moet wees nie.

Die narratiewe benadering het die afgelope paar jaar baie veld as 'n beradingswyse gewen, selfs binne die teologiese studieterrein. In die narratiewe benadering gaan dit oor die storie van mense in hulle eie taal, om dit te hoor en te probeer verstaan soos wat hulle dit ervaar in hulle bepaalde omstandighede. Die narratiewe benadering gaan verder deur te sê dat wanneer mense hulle stories vertel en hervertel, hulle gehelp word om in die proses nuwe sin in hulle stories te vind. Dié proses bring mee, dat in die hervertel van 'n storie 'n "unique outcome" na vore kom en dat dit 'n persoon help om 'n nuwe storie te skep wat vir hom sin maak en waarvolgens weer nuwe betekenis en rigting in en aan die lewe gegee word. Dit is essensieel dat die terapeut daarvoor oop sal wees om nie sy eie betekenis en gedagtes in die uitkoms van die storie in te dra nie. Van die uiterste belang is die ontginning van die inligting en resultate wat die "medenavorsers" deurgee. Die narratiewe benadering sien daarom ook nie die deelnemers as navorsingsobjekte nie. Die persone wat deelneem, word eerder as "medenavorsers" gesien.

In hierdie hoofstuk is veral klem gelê op berading/terapie en die plek wat die godsdiens daarin speel. Met die huidige navorsing word gepoog om te bepaal of die pastorale terapeute dit regkry om met die narratiewe benadering erkenning te gee aan

die BYBEL en of dit enige verskil aan die uiteinde van die terapeutiese proses maak. Vanuit my oogpunt as 'n teoloog moet die teologiese diskoers 'n prioriteit bly. Die kuns is om die narratiewe benadering so goed as moontlik te benut en aan te pas om dit sodoende teologies te kan verantwoord.